

DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die derde verslag vanjaar.

Politiek

- Die revolusies van Noord-Afrika val tans ietwat vas in Libië. Dit verhoog die onsekerheid ten opsigte van die uiteindelijke politieke toneel in hierdie deel van Afrika en die Midde-Ooste. Die vraag is steeds of die politieke probleme ook Saoedi-Arabië, die grootste olieprodusent ter wêreld, sal destabiliseer. Dalk sal die Jeugliga nog 'n fees moet reël om die revolusies in die res van die wêreld op dreef te hou en deur te voer.
- Die Obama administrasie sal moet besluit tot watter mate hulle in die konflik in Libië ingesuig wil word en of dit ook tot 'n langdurige betrokkenheid sal lei.
- Intussen sukkel die Ivoorkus steeds voort met twee presidente – een wat die verkiesing verloor het, maar steeds aan die mag vasklou en een wat die verkiesing gewen het, maar nie die beheer het nie. Dit bring mee dat mense hul lewe verloor, die ekonomie gekelder word en kakaopryse styg.
- Die Olyfgordellande van Euroland ervaar tans almal in mindere of meerdere mate politieke onrus weens die beperkende ekonomiese maatreëls wat toegepas word om begrotingstekorte onder beheer te bring.
- Plaaslik sal kiesers op 18 Mei tydens die volgende vakansiedag kan besluit of hulle eerder lojaal sal bly of klem sal plaas op dienslewering.

Internasionaal

- Die internasionale toneel word tans oorheers deur die politieke onsekerhede van Noord-Afrika en die Midde-Ooste asook die finansiële probleme wat Portugal, Ierland, Italië, Griekeland en Spanje (PIIGS) steeds ervaar.
- In die geval van Noord-Afrika en die Midde-Ooste is die vrese dat Saoedi-Arabië wel ook onstabiel kan raak en dat die olieprys weer eens rekord vlakke kan haal. Indien dié prys vlakke van \$150/vat sou haal, kan dit die huidige herstel wat in die wêreld ekonomie ervaar word, nek omdraai. Die probleem is dat inflasie tot onaanvaarbare vlakke sal styg; dit sal rentekoerse laat styg; dit sal besteding aan bande lê; dit sal maatskappywinste benadeel; dit sal aandeelpryse laat tuimel; en dit sal indiensneming beperk.
- Die finansiële markte is steeds daarvan oortuig dat die PIIGS lande van Euroland verdere hulp van die IMF of die Euroland hulpfonds nodig sal hê om hul begrotingstekorte te finansier en te stabiliseer. Die oorsaak is steeds dat die probleme van die eiendomsmarkte 'n negatiewe impak op die banksektor het wat op hul beurt weer deur die owerhede ondersteun moet word. Hierdie finansiële inspuiting wat die regerings aan die banke verleen, bring begrotingstekorte mee waarvan die finansiering al hoe moeiliker word weens die al hoe hoër premies wat daarvoor betaal word. Hierdie probleme sal nie in die afsienbare toekoms verdwyn nie en sal steeds van tyd tot tyd in komende jare 'n impak op die finansiële markte hê.
- Die onderliggende probleme van die wêreld ekonomie is dat alhoewel matige ekonomiese groei voortduur, werkloosheid steeds op onaanvaarbare vlakke bly. Indien inflasie weens stygende energie- en voedselpryse nou die

belangrikste fokuspunt van sentrale banke word – soos die Europese Sentrale Bank (ESB) na sy onlangse vergadering laat blyk het – en rentekoerse word binnekort verhoog, kan dit die moontlikheid om groei en indiensneming te stabiliseer en te verbeter, erg in die wiele ry.

- Alhoewel die ESB te kenne gegee het dat hulle rentekoerse reeds in April sal verhoog – en dit bly 'n werklike risiko – is ek steeds van mening dat die sentrale banke baie versigtig moet wees om wel rentekoerse reeds nou te verhoog. Veral die ESB sal die finansiële posisie van die PIIGS lande deeglik in ag moet neem indien rentekoerse nou verhoog word. My siening is dus steeds dat internasionale korttermynrentekoerse eerder later as te vroeg verhoog sal word en dat hierdie koerse in baie gevalle tot die einde van die jaar op huidige vlakke kan bly. In die geval van China en Indië asook ander Verre-Oosterse lande is die aanduiding dat kortkoerse verder verhoog sal word weens sterk groei wat gepaard gaan met stygende inflasiesyfers.
- In die geval van langtermynrentekoerse speel die huidige hoër inflasiekoerse asook die groot finansieringsbehoefte van die onderskeie lande 'n rol in die opwaartse tendens van hierdie koerse wat sedert 3 November 2010 waargeneem word. In onsekere politieke en finansiële tye, soos nou in die afgelope maand ervaar is, daal hierdie koerse omdat groter volumes geld 'n veilige beleggingsveld soek. Die aanduidings is egter dat langkoerse weer hul opwaartse tendens sal voortsit wanneer die huidige onsekerhede op die agtergrond skuif.
- Algemene kommoditeitsmarkte word steeds ondersteun deur die aanduidings dat die wêreld ekonomie matige, maar volhoubare groei ervaar. Dit tesame met die voortgesette lae rentekoersvlakke dui daarop dat hierdie kommoditeite in die res van die jaar verdere opwaartse tendense kan toon.
- Die goudprys word tans deur die internasionale politieke en finansiële onsekerhede ondersteun. Die aanduidings is dat hierdie situasie nog geruime tyd kan voortduur.
- Die internasionale olieprys word steeds deur die bogenoemde politieke onsekerhede ondersteun, die lae rentekoerse en die voortgesette matige ekonomiese groei van die wêreld ekonomie.

Plaaslik

- Die aanduidings is dat die plaaslike ekonomie groei van sowat 3.5% in 2011 kan haal. Dit sal die gevolg wees van voortgesette sterk owerheidsbesteding op salarisse, lone, welsynsbetalings en ander lopende uitgawes. Die voorneme is ook dat die owerheidsektor aansienlike kapitaaluitgawes sal aanpak, maar of dit sal realiseer is debateerbaar. Veral gegewe die veranderinge wat op plaaslike owerheidsvlak na die 18de Mei verkiesings sal plaasvind, is dit te verwagte dat kapitaalbesteding deur hierdie owerhede nie maklik vanjaar van die grond sal kom nie. Hopelik sal Eskom wel kapitaalbesteding aan die gang kry – al is dit net om beskadigde toerusting te vervang. Private verbruiksbesteding sal voortgesette groei toon, maar die impak van die Wêreldsokkertoernooi sal wel afwesig wees. Die wanbalans tussen plaaslike verbruik en aanbod sal voortduur.
- Die handelsrekening van die betalingsbalans kan steeds voordeel put uit die voortgesette volumes en pryse van kommoditeite wat op die internasionale

markte behaal sal word. Die surplus wat in 2010 op hierdie rekening behaal is, kan wel in 'n tekort in 2011 verander – veral weens kapitaaltoerusting wat deur Eskom en Transnet ingevoer sal word. Die tekort op die diensterekening sal voortgesit word. Dit dui daarop dat die tekort op die lopenderekoning van die betalingsbalans in 2011 weer aansienlik groter kan wees as in 2010. Die aanduidings is dat hierdie tekort steeds deur die invloed van veral korttermyn kapitaal in 2011 finansier sal word. Die betalingsbalans bly kwetsbaar weens die korttermyn aard van die kapitaalinvloei.

- Die tekort op die sentrale regeringsbegroting van sowat 5.3% van die bruto binnelandse produk, is aanvaarbaar, gegewe die herstellfase van die ekonomie. Dit bly egter baie belangrik dat dié tekort in die komende jare wel soos aangedui, tot meer aanvaarbare vlakke afneem. Die sakesektor sal daarop bedag moet wees dat die onderliggende tendense daarop dui dat die staat 'n al hoe groter aandeel van die ekonomie kan opslurp. Dis geen goeie teken vir die langtermyn groeipotensiaal van die ekonomie en werkskepping nie. Die begroting dui steeds daarop dat verbruiksbesteding ondersteun word terwyl die ondersteuning aan die produksie- of sakesektore van die ekonomie aan die agterste speen suig – dis ook nie goed vir langtermyn groei en werkskepping nie. Die werklike probleme van plaaslike owerhede sal nie in die volgende twaalf maande, terwyl oorwinningspartytjies gereël moet word, aandag kry nie.
- Indiensneming het in die laaste kwartaal van 2010 verder verbeter, maar werkloosheid van sowat 24% bly onaanvaarbaar hoog. Die aanduidings is dat die arbeidsbedeling verder kan verstram met nuwe wetgewing wat beoog word. Dit tesame met die lae internasionale en plaaslike rentekoerse asook die sterkte van die rand, dui daarop dat die ekonomie in die volgende paar jaar nog meer kapitaalintensief sal word. Indien vrese bewaarheid word dat salarisse en lone vanjaar weer eens teen sowat dubbel die inflasiekoers kan styg, sal dit indienseneming in veral die privaatsektor ernstig beperk. Die owerheidsektor sal egter heel moontlik, veral op plaaslike vlak, weer spasie maak vir 'n paar vriende en familie. Die gebrek aan voldoende opgeleide werknemers bly een van die grootste beperkende faktore om die groeipotensiaal van die ekonomie in die langtermyn te verwesenlik.
- Die inflasierisiko's het die afgelope tyd toegeneem met die internasionale olieprys wat rondom die \$115/vat vlak dwaal. Terselfdertyd moet verwag word dat hoër interansionale voedselpryse ook sal deurspoel na die plaaslike ekonomie. Tesame met salaris- en loon-, asook administratiewe prystygings van meer as die inflasiekoers, kan verwag word dat die amptelike inflasiekoers 5% of selfs hoër kan wees in 2011. Gelukkig dat die sterk rand die ekonomie teen nog sterker stygings van ingevoerde produkte beskerm. Terselfdertyd dui dit daarop dat plaaslike sakelui alles in hul vermoë sal moet doen om kostes onder beheer te hou, sodat hulle in die plaaslike en internasionale handelsmarkte mededingend kan wees.
- Die verwagting is steeds dat korttermynrentekoerse tot die einde van die jaar of vroeg 2012 op huidige vlakke sal bly. Die styging in inflasie dui op 'n vroeëre styging, terwyl die onaanvaarbare hoë vlakke van werkloosheid asook die voortgesette probleme in die huismark daarop dui dat 'n styging wel vertraag kan word.

- Langtermynrentekoerse kan hul styging sedert die einde van 2010 voortsit in 2011 – veral gegewe die groot finansieringsbehoefte van die owerheidsektor, asook die aanduidings dat inflasie sterker stygings in die res van die jaar kan toon.
- Die aanduidings is dat die rand steeds in die res van die jaar ondersteuning sal geniet weens die lae vlak van internasionale rentekoerse, die verwagte goeie vertoning van kommoditeite en maatskappywinste, asook voortgesette groei van die ekonomie.

Beleggingsomgewing

- Nieteenstaande die internasionale politieke en finansiële onrustigheid het die dollar die afgelope tyd verswak teenoor ander belangrike geldeenheede. Teenoor die euro was die verswakking gekoppel aan die verwagte rentekoersverhoging wat die ESB in April kan aankondig en teenoor die jen weens die invloed van kapitaal na Japan voor die fiskale jaareinde van 31 Maart, asook weens die onsekerheid wat gevolg het op die tsunamiramp.
- Weens die volgehoue styging van energie- en voedselpryse, het die vrese vir hoër inflasiekoerse in die afgelope maand verder toegeneem. Alhoewel ek steeds van mening is dat sentrale banke baie versigtig sal wees om rentekoerse te verhoog, het die risiko om amptelike koerse te verhoog, toegeneem. Die optrede van die Europese Sentrale Bank in April sal wel aandui hoe ernstig die inflasie probleem teenoor die finansiële probleme van die PIIGS opweeg. Indien hierdie koerse verhoog word, verwag ek dat dit baie geleidelik sal plaasvind. VSA kortkoerse kan die laaste wees wat verhoog word – heel moontlik teen die einde van die jaar of eers in 2012.
- Internasionale langtermynrentekoerse sal na verwagting hul opwaartse tendens voortsit wanneer die politieke en finansiële onsekerhede van die wêreld tot bedaring gekom het. Tans word hierdie bates as veilige beleggings in 'n onstuimige wêreld gesien.
- Solank maatskappy goeie winste aankondig, sal aandeelbeurse steeds goeie beleggingsmoontlikhede bied – veral indien kortkoerse op lae vlakke bly en kapitaalmarkrentekoerse styg.
- Plaaslike korttermynrentekoerse beweeg sywaarts tot die einde van die jaar, maar inflasie wat 'n al hoe groter probleem word, kan die siening verander.
- Langtermynrentekoerse kom onder verdere opwaartse druk weens die finansieringsbehoefte van die openbare sektor, stygende inflasie en internasionale tendense.
- Die plaaslike aandelebeurs sal deur internasionale tendense, asook deur maatskappywinste beïnvloed word.
- Die aanduidings is dat die rand in 2011 steeds sterk sal vertoon, maar van tyd tot tyd baie onstabiel kan wees.

Ulrich Joubert.

30 Maart 2011